# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## JUNIE EKSAMEN 2019

## VRAESTEL 3

**GRAAD 10**

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE**

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: OPSTEL [50]

   AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS [30]

   AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS [20]

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir ELKE afdeling skryf.

6. ALLE beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word.
   Daar word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf **150-200** woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou om die nodige **beplanning** te doen.

1.1 Dié *Whatsup het* my hele lewe verander. [50]

1.2 So bang was ek nog nooit nie! [50]

1.3 Hy/Sy is my rolmodel. [50]

1.4 ..... en toe word ek wakker. Ek is so bly/ongelukkig dat dit net 'n droom was. [50]

1.5 Ons interessante bure! [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL: Daar moet 'n DUIDELIKE verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.**

1.6.1



**[50]**

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou om die nodige beplanning te doen.

**2.1 <u>VRIENDSKAPLIKE BRIEF:</u>**





Jy was in ‘n ongeluk betrokke. Skryf ‘n brief aan jou ouma en vertel haar van die ongeluk. [30]

**2.2 <u>HULDEBLYK:</u>**



Jou vriend/vriendin is oorlede jy word gevra om ‘n huldeblyk te lewer.

Skryf die huldeblyk wat jy by sy/haar begrafnis gaan lees. [30]

**2.3 <u>DIALOOG:</u>**



Jy is altyd laat vir skool en moet nou aan jou onderwyser verduidelik hoekom jy laat kom.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou onderwyser neer. [30]


**TOTAAL AFDELING B: [30]**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Wys jou beplanning.

**3.1 <u>DAGBOEKINSKRYWING</u>:**




Jy het die hoofrol vir die skool se konsert *Charley's Aunt* gekry.

Maak 'n DAGBOEKINSKRYWING vir TWEE DAE soos volg:

- Skryf hoe jy voel die dag <u>voor</u> die eerste vertoning.
- Skryf hoe jy voel die dag <u>na</u> die eerste vertoning. [20]

**3.2 <u>UITNODIGING:</u>**





Jy en jou ma reël jou 16de verjaarsdagpartytjie.

Skryf die uitnodiging uit. [20]

**3.3 <u>WENKE:</u>**




Jou vriend wil 'n gesonde leefstyl volg en vra jou hulp.

Skryf 7 wenke neer wat jy dink hom/haar sal help. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**